033-652 NPO

SEEKRONIEK
CHRISTELIKE SEEMANSORGANISASIE

Gestig 9 November 1944

Privaatsak X09
Milnerton, 7435
Suid-Afrika

Tel : 021 551 2694
Tolvry : 080 0202 522
Faks : 021 551 8617
E-pos : cso@mweb.co.za
Web : www.cso.co.za
Facebook : CSO

Gee vir 'n seeman
'n Bybel en jy gee hom
Lewe in Christus

Oktober 2011 – Mei 2012

Vanaf die Brug

Hierdie nuusbrief vertel van God se genade oor tale en grense heen. Genade wat onbeperk is – genade wat insluit selfs die wat dink hulle is dit nie werd nie.

Onlangs het die evangeliebedienaars van CSO iets van die genade oor tale en grense heen beleef. Gedurende Augustus het almal die ICMA wêreldkonferensie in Hamburg bygewoon.

Maar eers so 'n bietjie agtergrond: ICMA is die International Christian Maritime Association wat 'n sambreelorganisasie is van die meeste organisasies wat sendingwerk onder seemanne doen. CSO is reeds geruime tyd lid van ICMA. Elke vyf jaar word daar 'n wêreldkonferensie gehou waar soveel as moontlik evangeliebedienaars reg vanoor die wêreld saamtrek.

By hierdie konferensie was daar 200 afgevaardigdes uit 44 lande. Voorwaar 'n kosmopolitaanse saamtrek van gelowiges! En dit is juis daar waar ons genade oor tale en grense kon beleef. Die konferensietema was: Die waardigheid van seemanne. Daar is kopstukke gesels oor die seemanne, hulle leefwêreld en alles wat daarmee saamgaan.

Ds Anneke Viljoen besig met 'n gebed in Afrikaans tydens die diens in Hamburg, Duitsland.

Wat egter uitgestaan het, was die lofprysing en aanbidding saam met kollegas wat dieselfde passie deel. Om saam geloofsbelydenis te doen en die Onse Vader te kon opsê – elkeen in sy eie taal was aangrypend: Genade oor taalgrense heen. Tydens die afsluitingserediens van die konferensie, het ds Anneke Viljoen die voorreg gehad om 'n Afrikaanse gebed te doen – waarskynlik die eerste keer in die geskiedenis wat so iets gebeur.

Ons is baie dankbaar vir die borgskap van ICMA om al die CSO se evangeliebedienaars by die konferensie te kon hê. Die bande wat gesmee en versterk is, sal vorentoe die seën van die Here dra.

Lees gerus verder en wees saam met ons diep onder die indruk van God se genade aan almal.

Wimpie van Schoor

Dr Wimpie van Schoor
Voorsitter

Amazing grace! (how sweet the sound)
That sav'd a wretch like me!
I once was lost, but now am found,
was blind, but now I see.

So lei die woorde in van dit wat beskryf word as een van die bekendste lirieke van alle tye. Lees jy dit kan dit nie anders as dat die melodienote jou met die eeue oue klanke van die verhaal van 'n verlore seun, 'n wegloopkind wat huistoe kom, vul nie. Vir party is dit net liriek en melodie maar vir ander is dit hulle eie storie. 'n Storie van genade so onbeskryflik, onbegryplik groot dat dit die krag het om die wat verlore is weer Huistoe te bring.

Hoe gepas is dit nie dat hierdie liriek deur 'n seeman geskryf is? John Newton, 'n selferkende verlore seun en wegloopkind was 'n man van die see in murg en been. Deur sy omswerwinge oor oseane heen is hy eindelik gered deur iets ongekend, bo-menslik en onverstaanbaar – iets wat hy later sou beskryf as 'genade onbeskryflik groot . . . '

Die London-gebore Newton was die seun van 'n skeepskaptein van 'n vragskip wat op die Mediterreense see geseil het. Op 11 jarige ouderdom het hy op die skip begin werk en die wêreld van hoek tot kant deurkruis. In 1744 is hy geforseer om op 'n oorlogskip te werk, maar daar het hy die toestande aan boord so haglik gevind dat hy gedros het. Kort daarna is hy gevange geneem en moes hy sy rang prysgee.

Op sy eie versoek is hy verplaas na 'n slaweskip wat slawe aan die kus van Sierra Leone gekoop het. Uiteindelik het hy self die slaaf van die slawehandelaar geword en volgens oorlewering is hy in hierdie tyd so aangerand dat hy by tye onherkenbaar was. In 1748 is hy deur 'n skeepskaptein wat sy pa geken het uit slawerny gered. Na 'n opdraande lewenspad was Newton jare later aan die stuur van sy eie skip, 'n skip wat ironies genoeg met slawe handel gedryf het. As ongelowige het hy sy dae op die kruin van die hoë see omgedrink en het vele slawe onder sy soms wrede en onmenslike hand deurgeloop.

Voor (links na regs): Ds Anneke Viljoen, ds Hennie la Grange (voorheen Bestuurder Sending: CSO, nou Sekretaris van ICMA), dr Wimpie van Schoor (voorsitter). Middel: Ds Chris Viljoen, ds Danie Taljard, ds Ferdie Nortje (dagbestuurslid: Sending), Agter: Ds Loffie Schoeman, ds Nico van Rensburg, ds Jan-Harm Barkhuizen en ds Johan Smith.

Tot op 'n dag . . . Die skip was vasgevang in die oog van 'n woedende storm en in sy grootste oomblik van nood, 'n oomblik wat later deur hom beskryf is as een waarin alles verlore was en die skip definitief sou sink, het hy van voor die stuur van die skip uitgeroep 'Here, wees my tog genadig . . . ' Later sou hy hierdie lewensveranderende oomblik beskryf as die een waar hy vir die eerste keer God se genade leer ken het.

Genade is iets wat mens nie ligtelik raak nie, dit ruk jou tot 'n nuwe verstaan en maak blindheid gesond sodat jy met nuwe oë kan sien . . . Vir John Newton was dit nie anders nie en hierdie belewenis van genade het sy lewe radikaal verander. Hy skryf hieroor: "Thro' many dangers, toils and snares, I have already come; 'tis grace has bro't me safe thus far, and grace will lead me home."

Met nuwe oë kon hy nie meer dieselfde na slawe kyk nie. Dit het hom op 'n pad gestuur wat uiteindelik die einde van slawehandel in die 17de eeu sou beteken. Van verlore seun, self 'n slaaf tot uiteindelik dominee in Buckinghamshire, Engeland waar vertel word dat Newton se verhaal oor hoe ongelooflik genade is, mense so geraak het dat hulle later die kerk moes groter maak om almal in te pas.

En dit is wat so ongelooflik is van genade - dat dit blindes weer kan laat sien en dat dit lewensmoeg en lewensseer mense laat tuiskom in die Vaderhuis.

Hier, amper drie-honderd jaar later kan ons by die CSO steeds elke dag die stories vertel van seemanne wat geraak en soms geruk word deur onbegryplike groot genade.

'Genade onbeskryflik groot
het U aan my bewys
verlore seun 'n wegloopkind
weer in die Vaderhuis!'

Hy's 'n Kaapse seeman – visserman gebore, grootgemaak en uiteindelik sy heil kom soek in die Moederstad. Hy praat Weskus-Afrikaans as hy sy storie vertel en 'mix' sy taal holderstebolder, maar gooi dan en wan 'n taaljuweeltjie in soos net 'n Weskusser kan.

'Ek't al heel die wêreld gesien' vertel hy en rits 'n lys name af van veraf plekke waar hy al met sy skip saam was. 'In die ou dae was dinge anders as nou . . . ' bepeins hy die verlede. 'Daai dae het ons lank in hawens gelê . . . ' Hy kyk my van toon na kop asof hy keur of ek waardig is om sy storie te hoor.

'Toentertyd het ons 'n loslappie op elke dok in die wêreld gehad, 'n skelmpie waarvan 'hoofkantoor' (soos hy na sy vrou verwys) niks geweet het nie. Man, en ons het die nagte in die klubs omgelê' sê hy denkend, asof dit moeilik is om die onthou te herroep. 'Maar, daai streke haal mens in.' Sy kop nou gesak.

'In '98, terug in die Kaap het die dokter my 'geboard'. Hy't na ons verpligte 'check-up' beduie dat my lyf nie meer gaan hou met die gedrink saam nie en dat ek nie meer see toe mag gaan nie. Op daai stadium het ek gedink dis so maklik soos soek 'n ander job. Ek was nie 'n week by die huis nie, toe toer 'hoofkantoor' met die kinders saam. Eers het ek gedink hulle sal vinnig draai, maar die dag het 'n week geword en die weke maande. En in daardie tyd het ek gegooi my broer, sommer in die middag al het ons 'n wyn se kurk in die bottel ingedruk en van daar af was dit afdraand. Ek het vir amper twee jaar nie my laities gesien nie ...

. . . en in 2000 het die nuus een middag gekom dat een van hulle met 'n lem gesteek is . . . ' Hy sit lank stil en bepeins – sy grappies van vroeër nou ver agter. ' . . . hy's dood voor ek hom kon sien . . . '

'Daai dag lê nog vars in my. Daai was my skuld . . . dis omdat die laitie nie 'n pa gehad het nie. Met allerhande gommies gemix.' Nou lyk die man voor my skielik oud en is die diep plooie wat padkaarte oor sy gesig loop in 'n ernstige frons getrek.

Als het daardie dag vir hom verander, vertel hy. Skielik was hy 'n vroulose, kindlose, werklose alkoholis wat deur die lewe en sy dinge ingesluk is. Hy vertel verder hoe hy daardie aand voor 'n kerk se deur te staan gekom het en 'n nag lank daar gesit en huil het. Die volgende dag het iemand hom daar gekry – sy eerste sober oomblik in maande ... sy laaste nat oomblik in nou amper tien jaar. En dan vertel hy van sy genade ervaring, van hoe die Here dié kan optel wat val en in sy oë is 'n sprankeling wat 'n ander taal praat as sy plooie.

Februarie van die volgende jaar het 'hoofkantoor' hom ingeroep en weer het hy voor die kansel gestaan. Maar die slag was dit anders . . . want genade maak mens anders. En nou more, more vat hy weer soos vir die afgelope amper tien jaar 'n skip om op die grootwaters van die wêreld rond te seil. Met 'n vrou, 'n werk, kinders en sonder 'n druppel drank . . .

Hy sluit sy storie amper profeties: 'Brother, I was lost but now I am found!'

Genade onbeskryflik groot:
daar's fees, ek is weer tuis!
U Seun bring my – verlore mens
weer na die Vaderhuis.

Is genade net 'n geestelike tuiskoms, of is dit ook soms fisiek, tasbaar – letterlik tuiskom uit verlore wees? *Psalm 107:23,24 – "Party het met skepe die see bevaar en hulle bestaan op die groot waters gemaak. [24]Hulle het die werk van die Here ervaar, sy wonderdade op die diep waters."*

7 April sal vir altyd in Daniëlle se se hart ingeëts wees ... sy dag van vryheid . . . sy dag van 'n tweede kans . . . sy dag van nuut begin. Op 7 April is dit twee maande vandat hy, die res van sy bemanning en hulle massiewe olietenker deur Somaliese seerowers as gyselaars geneem is.

Hy onthou die eerste week . . . hoe jy sielkundig afgebreek word totdat jy smeek dat die see jou moet insluk. Hulle het met die offisiere begin – hulle buite toe gevat, daar waar jy nie kon sien nie . . . en dan het hulle die skoot afgetrek.

Die vrees dat jy volgende sal wees, dat jou lewe wat jy altyd as so vanselfsprekend ervaar het, hier in sy spore gestuit gaan word. Die vrees dat alles wat jy nog vir jou vrou en kinders wou sê nou maar gedagtes in die wind sal word . . . en die vrees vir dit aan die anderkant van dood. Hoe sal dit voel, hoe sal dit wees? Dit alles draai en maal rondomtalie in jou binneste . . . en as die deur oopgaan verwag jy elke keer dat dit jy sal wees.

Hy vertel hoe groot manne huil, hoe hulle buite beheer begin ruk en bewe – die trane vlak in sy eie stem. Eers dae later vind jy uit dat die skote die blou lug in is, en dat almal nog lewe. Hulle wou maar vrees inboesem – dit het hul reggekry.

Party dae is erger as ander. Die seerowers gebruik dwelms, iets wat bekend staan as 'cat' en dan is hulle veral onvoorspelbaar. Soms is die koue loop van die AK 47 langs jou kop en is jy nie seker of dit nou jou laaste asem sal wees nie.

So 'n krisis leer mens bid, vertel hy. As die nat mufreuk wat swaar in die lug van die tronkkajuit hang jou lewe word, dan kan dit nie anders nie. Eers bid net party . . . maar vinnig as die eerste skote buite klap – dan bid almal. En nie oppervlakkig nie, maar met 'n absolute afhanklikheid en oorgawe.

Die 7de April is Daniëlle se verjaarsdag . . . en op 7 April breek twee stippels die horison . . . Soos uit 'n fliek kom twee helikopters aangevlieg – en in 'n toneel wat herinner aan 'n James Bond aksiefilm gooi hulle twee streepsakke vol miljoene dollars uit die lug op die skip.

Dit word algemeen aanvaar dat die oomblik wanneer die geld aan boord land die heel gevaarlikste is. In daardie oomblik word skote blindelings afgetrek soos wat die seerowers onder mekaar baklei om hulle hande op die geld te kry. Maar hierdie keer, word Daniëlle en sy bemanning gespaar en in 'n paar oomblikke kom maande se bekommer en wonder tot 'n einde.

In Durban het Chris en van die ander kapelane die groep seemanne ingewag. Hulle was getraumatiseer en verinneweer, maar hulle kon getuig dat God werklik hoor wanneer 'n mens in nood tot Hom roep.

Vandag is daar steeds honderde seemanne wat deur die Somaliese seerowers gevange gehou word.

Van Judea tot in Samaria: Honger vir genadebrood
. . . ook in die Oekraïne.

Statig staan die pragtige ses maande oue STADT CADIZ vasgemeer aan die Punt van Durban Hawe, sy bemanning meestal Filippyne en 'n paar Oekraïeners.

Met die opklimslag ontmoet Nico vir Irwin, die derde offisier wat nou al vir sowat drie maande op die skip is en waarskynlik eers teen Maart 2012 weer huiswaarts sal gaan. Dié nooi hom vir 'n koppie boeretroos teen die onverwagse byt in hierdie jaar se Durban winter. Irwin se vrou is tans swanger en na verwagting sal die baba in Desember gebore word. Ander seemanne staan ook nader om te gesels.

Uitasem kom 'n dekhand nader gedraf en onderbreek dringend Nico se geselsies met die ander. Hy stel homself nie voor nie, groet ook nie maar val weg met die deur in die huis.

'Meneer, ek soek asseblief 'n Bybel . . . ' pleitend, asof sy lewe daarvan afhang. Hy babbel verder, ongesteurd deur die ander bemanning wat hom effe geïrriteerd aankyk en vertel dat hy 'n jaar gelede sy lewe in die Here se hande gesit het. In essensie is sy

verhaal die van 'n man wat 'n stukkie genadebrood geproe het en nou nie genoeg daarvan kan kry nie. Maar sedertdien, omdat hy nou vir die afgelope agt maande op die skip is kon hy nog nooit 'n Bybel koop nie. In elke hawe doen hy navraag en probeer hy om in die stad uit te kom.

Dis 'n pryslose uitdrukking as iemand iets kry waarvoor hy al so lank gesoek het – die oomblik toe Nico vir hom 'n Bybel gee was daar geen twyfel dat dit sy nuwe kosbaarste besitting is nie.

Honger vir genadebrood . . . ook in die Filippyne.

Dis 'n blou Maandagoggend. Op die hawe woel en werskaf dit. Nico is in Durban op die NILEDUTCH SHANGHAI, 'n skip met veertien Filippyne aan boord. Hulle het oor die naweek ingekom en staan nou letterlik in die wegspringblokke en wag sodat 'n laaste paar goed gelaai kan word. Almal staan aangetree, reg om anker te lig en die kanse om in die doodsnikke van hulle tydjie aan wal nog vir oulaas te vra hoe dit gaan en bietjie te kuier, lyk half skraal.

As 'n weggaan-geskenk haal Nico vinnig 'n paar armbande, met die kleure van die Suid-Afrikaanse landsvlag daarop, uit. Aan die hand van die kleure verduidelik hy in die paar oomblikke wat hy het, die Evangelie . . . die storie van genade. En op een of ander Onbeskryflike manier kom alles tot stilstand en is hulle oppadwees vir eers onderbreek met die eenvoudige tog Grootse boodskap. Almal kliek saam en praat en herhaal agter Nico aan. Dit wat net 'n blitsbesoek moes wees, is nou 'n plegtigheid waar elkeen kans kry om die kleure vir die volgende een te verduidelik en dan sy armband van Nico te ontvang.

Snaaks wanneer mens dit die minste verwag … Met die afloopslag keer twee sekuritietswagte vir Nico voor. Hulle het die gedoente sien afspeel. Hulle vra of Nico dalk kans sien om ook die storie met hulle te deel.

Om meer te sê sal oorbodig wees.

'n Teenstelling . . .

Soms is genadebrood iets fisies, iets aards, iets skynbaar onverwant aan die Evangelie. Maar die teenstelling lê juis hierin, dat om genade te lewe soms beteken om in die alledaagse en skynbaar onverwante gedurig besig te wees om mense se lewens te verryk met 'n stuk omgee.

Die ASMAL I

In Port Elizabeth lê die lewensmoeg ASMAL I met bemanning uit Indië, Sri Lanka en Oekraïne. Die enjin is onherstelbaar beskadig en roesgate verklap dat die skip se jare op die see nou finaal verby is. Dit lê nou al vir drie maande en niemand weet wanneer 'n sleepboot gaan kom om dit weg te sleep na 'n skrootwerf in Indië nie. Dit lyk nou soos 'n spookskip . . . leweloos behalwe vir die kragopwekker wat eentonig dreun.

Die bemanning dwaal ook leweloos. Adion Sing uit Indië se kontrak het al maande terug verstryk. Hy wag vir geld sodat hy kan huis toe gaan. Hy vertel skaam, effe oorkom deur emosie, dat hy nie meer kan skeer en tande borsel nie, want hy is letterlik pennieloos ... Op daardie oomblik was sy grootste behoefte so eenvoudig as 'n koekie seep en 'n buisie tandepasta. Danie kon planmaak en het van die CSO af 'n seënpakkie gegee met die nodigste in. Dit net sodat Adion weer kon skoon wees en mens voel.

Soms is genade iets uit God se Woord ... iets wat troos en ondersteun, ander kere is dit 'n koekie seep ...

Die BLUE TERN

Ses keer 'n jaar kom die mankoliekige BLUE TERN kruip-kruip die Durban hawe in. 'n Skeepsbesoek aan die bemanning is al roetine vir Chris, en deesdae ook 'n koppie tee met die kaptein. Dit was onafwendbaar dat die skip eventueel moes ingaan vir herstelwerk – die alternatief sou wees dat die skip net op 'n dag deur die diep waters ingesluk sou word omdat dit totaal oor die muur was.

Die rekening was natuurlik astronomies! In so 'n mate dat die eienaars dit nie kon betaal nie. Soos dit maar in die skeepswêreld gaan, was die logiese oplossing om nie meer die bemanning te betaal nie. Kort voor lank ontaard dit in 'n hofgeding, wat meer as 'n jaar voortsleep. Hulle word eindelik teruggestuur na hulle onderskeie lande, maar dit sonder iets in hulle sak. Na 'n ewigheid kom die geld los en word almal behalwe een seeman betaal.

Chris neem dit op hom om alles in sy vermoë te doen om die seeman se geld vir hom te kry. Die prokureur weier Chris se telefoonoproep, antwoord nie sms'se nie en gee eintlik nie 'n blou duit om nie. Na maande betaal Chris se uithouvermoë en word die seeman se geld in Chris se rekening inbetaal. Hy stuur dit per Money Gram na Goa, Indië, en na jare se gevegte word die seeman uiteindelik betaal. Drie dae later laat weet die Hindoe-seeman dat hy sy geld gekry het.

"Gud mrng sir, yes i recieved money. Thank you sir for ur help. God is with us."

'n Laaste sê . . .

300 jaar na die woorde van Amazing Grace geskryf is, is dit steeds elke dag waar in hierdie wêreld. 2000 jaar nadat Jesus opgestaan het leef Hy nog elke dag. Ons by CSO is gelukkig om elke dag die getuies daarvan te kan wees.

Maar dit is nie net waar in die wêreld van seemanne nie, maar ook daar waar u leef. Daarom bid ons ook vir u genade wat so onbeskryflik groot is dat dit alle verstand en logika te bowe sal gaan.